dagstukkies met Dennis

Daagliks by www.tygerberg104fm.co.za/blog

10 SEPTEMBER 2019

Kolossense 2:6-7: #Groei
"Aangesien julle dan Christus Jesus as Here aangeneem het, moet julle in verbondenheid met Hom lewe, in Hom gewortel en op Hom gebou, vas in die geloof soos julle geleer is, en met dankbaarheid gevul."

Hierdie skrifgedeelte laat my altyd dink aan wat Jesus gesê het in Johannes 15:2 "Elke loot wat in my nie vrug dra nie, neem Hy weg; en elke loot wat vrug dra, dié maak Hy skoon, sodat dit meer vrug kan dra." Daarom sê Jesus in vers 4: "Bly in My, soos Ek in julle." Wanneer ons in Hom is, in Hom wandel, met ander woorde, die Woord in my en ek in die Woord, dan word ons gewortel en opgebou in Hom. Ons is dus geanker in Hom om tot hoër hoogtes te groei. Daarom wanneer ons Hom aangeneem het, word ons geloof versterk en ons het die volle wapenrusting van God aan, dan kan ons staande bly teen die aanslae van die vyand.

Wanneer ons in Christus Jesus wandel, met ons oog gevestig op Jesus, ons Leidsman en Voleinder van ons geloof, dan vind daar diep innerlike groei plaas wat elke gelowige tot 'n geestelike volwassenheid bring. Daarom moet ons bewus wees dat groei gaan gepaard met verandering en dit is nie altyd lekker nie, want dit kan pynlik wees, maar as ons, ons geloof in God geplaas het, word ons dankbaarheid oorvloediger.

Vrede / Shalom